Publication: BEELD (Uitgawe 1)
Date: 2015-09-17
Page: 14

SA deel St. Helena se vliegtuig-vreugde

Erika Gibson

'n Klein stukkie geskiedenis wat 'n reuse-verskil aan die eiland St. Helena se inwoners gaan maak, het hom Dinsdagmiddag kort voor 16:00 Suid-Afrikaanse tyd afgespeel.

Die eerste vliegtuig het 15:52 op die eiland geland te midde van 'n feestelike atmosfeer en trane van ongeloof.

Vir baie van die inwoners was dit die eerste keer in hul lewe dat hulle 'n vliegtuig gesien het.

"Dit voel absoluut fantasties en ons is bevoorreg om met ons eerste vlug deel te word van die groter lughaweprojek op St. Helena," sê Grant Brighton, bevelvoerder van die KingAir-vliegtuig.

Dié Suid-Afrikaanse vliegtuig het Maandag van die Lanseria-lughawe in Johannesburg opgestyg op 'n vlug van meer as sewe uur oor Namibië en Angola, en toe oor die see tot by die eiland.

Die kontrakteursfirma Basil Read het vier jaar gewerk aan die reuse-projek om 'n aanloopbaan en internasionale lughawe tussen die vulkaanvalleie te bou.

"Ek kan eerlikwaar nie vandag my gevoelens beskryf nie. Jare se beplanning en duisende man-ure het hierdie gebeurtenis voorafgegaan. My gemoed is vol," sê Janet Lawrence, direkteur van die lughaweprojek.

Die Britse goewerneur van dié stukkie Britse grondgebied, Mark Capes, het gesê die eerste landing is nog 'n stukkie in 'n legkaart om die eiland van 'n beter ekonomiese lewensaar te voorsien.

In die verlede het skepe net nou en dan aangedoen en daar was dus geen uitvoervooruitsigte nie.

Volgens Brighton, wat die lughawestelsels nou met vlugte toets, was die vlug na die eiland sonder voorval.

"Die landing op dié spesiale aanloopbaan was asemrowend."

Kommersiële vlugte begin na verwagting einde Februarie volgende jaar. Die eiland gaan dan vermoedelik 'n toeriste-paradys word.

Die eerste vliegtuig op die St. Helena-eiland. Die vliegtuig en sy bemanning help om dié internasionale lughawe se stelsels te toets voordat dit in Februarie oopgestel word.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission